



HOËRSKOOLOUNIE ALBERTON

SPORT : NOODHULPBELEID EN NOODPLAN TYDENS SPORTBYEENKOMSTE

2016

Die Direkteur Sport is verantwoordelik om genoegsame noodhulp vir onderskeie sportsoorte te reël.

- Rugby: 2 persone per veld
- Hokkie: 1 persoon vir 2 velde
- Netbal: 1 persoon wat op 'n sentrale punt by die bane geplaas word

RUGBY

1. Hoërskool Alberton is 2 - 3 minute weg van die Unie Hospitaal. Die noodhulp waarvan ons al 'n geruime tyd gebruik maak, kan baie vinnig met die hospitaal kontak maak om 'n ambulans te stuur, indien dit nodig is.
2. Noodhulppersoon : Quintin Steenberg - 082 472 7902
3. By die A-rugbyveld is die hek waar die ambulans kan inkom in Du Preezweg, Florentia. Die ambulans sal tot op die veld kan ry. Die sleutels vir daardie hek, word deur mnr Freek Erasmus (082 332 390) en mnr Zak Aucamp (0740643823) gedra. Hulle sal altyd teenwoordig en beskikbaar wees tydens rugbywedstryde.
4. **GEEN motors mag voor hierdie hek parkeer nie. Prefekte sal op diens wees om die situasie te monitor.**
5. Daar word ook 'n gazebo by die A-veld opgeslaan waar ekstra noodhulp-toerusting geplaas word en waar minder ernstige gevalle behandel word.
6. **GEEN wedstryde mag begin voordat daar nie noodhulp teenwoordig is nie.**
7. Spel mag in nat en reënerige toestande voortgaan indien afrigters en skeidsregters sien dat dit nie die veiligheid van die spelers beïnvloed nie. Daar mag dan ook nie weerlig wees nie.
8. Weerlig: Indien daar weerlig is, moet alle wedstryde (van watter sport ookal) **DADELIK GESTAAN WORD**, en spelers moet van die velde/bane af beweeg.

NETBAL

1. Geen wedstryde mag begin, voordat daar nie noodhulp teenwoordig is nie.
2. Noodhulp sal op 'n sentrale punt by die bane beskikbaar wees. (1 persoon)
3. 'n Ambulans is nie verpligtend nie, maar kan ontbied word, indien nodig.
4. Ouers moet dadelik in kennis gestel word indien 'n speler (hul kind) seergekry het. Afrigters **MOET** 'n lêer met alle spelers se mediese inligting en ouers se selnommers by hulle hê tydens elke wedstryd en oefening.
5. Indien dit gereën het, sal die organiseerders, afrigters en skeidsregters, besluit of die spel sal kan voortgaan of nie. Geen spel sal onder gevaarlike toestande gespeel word nie.
6. Indien daar weerlig is, sal spel gestaak word en **ALLE** spelers sal van die bane af wegbeweeg.
7. Elke afrigter is verantwoordelik vir eie ys vir sy/haar span (opsioneel).

HOKKIE

1. Die Provinsiale-liggaam het nog nie noodhulp verpligtend gemaak vir hokkiewedstryde nie, maar daar word sterk aanbeveel dat daar by alle wedstryde noodhulp teenwoordig sal wees. (1 persoon per 2 velde)
2. 'n Ambulans is nie verpligtend nie.
3. Afrigters is verantwoordelik vir hul eie ys vir hul spanne (opsioneel)
4. Ouers van spelers wat beseer word, moet dadelik in kennis gestel word. Afrigters moet in besit wees van 'n lêer met alle mediese inligting en ouers se selnommers van elke speler.
5. Spel mag in reën en nat toestande aangaan, indien die afrigter en skeidsregter reken dat dit veilig is vir die spelers. Tydens weerlig moet alle spel gestaak word en spelers moet die velde verlaat.

6. Tydens wedstryde: Dit is die afrigter se plig om toe te sien dat alle spelers "gumguards" dra om hulle tande te beskerm, asook "shinguards" om skene te beskerm. By korthoeke moet gesigsmaskers sover moontlik gedra word. Moedig spelers aan om hul eie gesigsmaskers aan te skaf - veral net diegene wat by korthoeke betrokke is.

ALLE afrigters moet probeer om 'n basiese standaard noodhulpsak aan te skaf. Die volgende kan binne-in wees.

- Verbande (verskillende groottes)
- Pleisters
- Ontsmettingsmiddel
- Spelde
- Watte en gaas
- Voltaren Gel
- Panamor (anti-inflammatoriese tablette)
- Ys
- Skêrtjie
- Hoofpynpille

ONTHOU : VEILIGHEID EERSTE

MNR H J SCHOEMAN
HOOF

MNR C BOTHA
BEHEERLIGGAAMVOORSITTER